

## 11 Augustus

**Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39**

**Fokusgedeelte: Matteus 1:23 (1933/52- en 1983-vertaling)**

### **Jesus is ons Immanuel – God met ons**

Depressie, moedeloosheid, angs. Dit is maar 'n paar voorbeelde wat die lewe van vandag vir ons kan opdis. Die gevolge van die sondeval word deur elkeen van ons op 'n daaglikse basis beleef en aanskou. Die swaarkry wat ons elkeen tog so goed ken, kan veroorsaak dat verdriet ons gemoedere in beslag neem en alle vorme van hoop en vertroosting uit ons dryf. As ons na hierdie tekens van die tye kyk, wonder ons: Hoe kan Christus nog die Immanuel wees? Hoe kan God nog met ons wees as teëspoed om elke hoek en draai lê en loer?

As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Dit is ongetwyfeld die enigste steunpilaar wat ons in ons daaglikse stryd teen die wêreld, die sonde en ons eie menslike natuur staande hou. Die guns van God is 'n genoegsame vertroosting vir alle droefheid, 'n genoegsame bron van krag om onself uit alle moedeloosheid op te tel. Die beskerming van die guns van God verskaf skuiling teen die verwoestende gevolge van die lewenssee wat teen ons slaan. God is vir ons, niemand kan teen ons wees nie.

Die teenwoordigheid van God het in die geboorte van Christus gestalte gevind. Christus is die Immanuel, God met ons. Christus het die Godsverlatenheid aan die kruis deur gegaan sodat God ons nooit weer sal verlaat nie. Paulus verseker ons daarvan as hy vra: Wat sal ons van die liefde van Christus skei? God wat ons eenmaal omhels het, sal nooit ophou om vir ons te sorg nie.

Die stryd duur voort, maar ons stry in die geloof deur die krag van die Gees. Die Gees verseker ons daarvan dat niks ons van die liefde van Christus kan skei nie, sy liefde dra ons. Dit skenk ons lig deur hierdie donker lewe. Christus is ons Immanuel. God is met ons!

*Sing: Skrifberyming 2-4 (33):1-3*

*Teologiese Student JG Ehlers*